TOULEIER

ANDERKANT DUSKANTLAND

Ontsnapping uit kapers se kloue

Hoofstuk Twee. Deel II

VOORAF: Ons bevind ons in 'n kaping in Lesotho en 'n man hou 'n geweerloop teen my nek. Ek besluit dis nou of nooit . . . Lees verder.

Die adrenalien pomp in my slape as ek oorgaan tot aksie. Ek trap die petrol weg in die vloer. Die Totyotatjie reageer uiters gewillig en vlieg uit die wegspringblokke terwyl die enjin se revolusies skreeuend die hoogte inskiet.

Die man wat voor die kar gestaan het, duik uit die pad. Die ou by my kant, wat nog halflyf in die motor is, kom saam, hy het geen keuse nie. Hy word mee-doënloos saamgesleep en sy voete vat net so hier en daar grond.

Die bestuurder van die rowermotor begin weer voor my intrek. Daar is egter geen meer keer nie en ek mik vir die vinnig vernouende gaping tussen kar en staalreling. Ons tref die ander voertuig skuins voor op die neus en stamp hom eenkant toe. Die momentum gooi ons eie motor op sy twee wiele en teen die reling. Ek hoor hoe ta hier langs my in die kar kerm soos die reling die deur toedruk met hom as die vulsel in die staaltoebroodjie.

Dan is ons verby die einde van die veiligheidsreling. Vir 'n paar sekondes wik en weeg die kar watter kant toe hy gaan val. Gelukkig val hy met 'n slag terug op sy vier wiele en ons tel weer spoed op soos ek steeds die petrol pedaal kramp-agtig plat teen die vloer trap.

Ek gebruik my elmboog om ons ongewenste passasier uit te stamp en soos hy wegrol eenkant toe, klap ek die deur toe en daar gaat ons. Of so het ek gedink. Skielik begin gee die kar sulke siek rukke en sny die motor uit. My moed sak in my skoene. Ons gaan helaas nie wegkom nie! Wat nou?

Dan dring Annabelle se stem tot my deur. "Jy is nog in eerste rat!" gil sy vir my. Verlig verander ek van ratte en uiteindelik sit ons vinnig afstand tussen ons en die verbaasde kapers.

By die Leribe-padkamp draai ek in en soek ons hulp. Die projekbestuurder jaag ons elkeen 'n stewige dop in. Terwyl hulle na bewerige Kamermaatjie omsien, gaan meld ek die insident by die plaaslike polisie aan.

Ons gaan besoek die toneel in een van hulle voertuie. Die kaptein vra my so half skepties hoe ek weet of dit die plek is waar dit gebeur het. My storie klink seker te dik vir 'n daalder. In die sterk skemer merk ek 'n voorwerp in die stof langs die pad lê. Ons stap nader en ek tel my selfoon op. Toe lyk dit darem of hulle my storie begin glo. Daar het egter tot vandag toe niks van gekom nie. Hoe seer die rower gekry het wat ons teen die padreling gesmeer het, sal ons ook nooit weet nie. Nie dat ek nou juis slapelose nagte het daaroor nie.

Die episode het egter 'n blywende sielkundige letsel op Annabelle gelaat. Van-dag nog word als twee keer gesluit en dan nog 'n keer nagegaan. Sy vertel ook dat sy reeds die rewolwer in die hande gehad en sy was nog besig om te besluit hoe sy die ou gaan skiet sonder om my te kwes. Ook maar goed ek het op daardie oomblik begin jaag.

Volgende keer: Hongkong, hier kom ons!

♦Ten slotte, lees asseblief die baie belangrike aankondiging op **Bladsy 7** oor Kammanuus Skatkis se skenkingsverskuiwing van YADE na die kindervoe-dingsprojek van Helpende Hand. Die projek se naam is **KOSBLIKKIE.**

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Het jy geweet?

Nederland gaan 26 tronke sluit weens 'n gebrek aan misdaad.

Spotliedjie uit WO II

Hierdie is 'n spotliedjie uit die tyd van die Tweede Wêreldoorlog.

Hitler ry op 'n erreplein.
Hy los 'n bom op Bloemfontein.
Oom Jannie ry op 'n mouterbaaik
toe Hitler hom met 'n miskoek straaik.
Oom Jannie skrik hom waternat
en sit sy baaik in derde rat.

Oom Jannie kom die berg af
en val sy kniëe nerf-af.
So nader na my vaalhaar toe,
vaalhaar toe, vaalhaar toe.
So nader na my vaalhaar toe.

Help ons om van daardie LELIKE woord ontslae te raak!

Wat is die Anglisistiese verhaal van huidiglik? Huidiglik is 'n Amptenaraanse weergawe van presently.

Limeriek

'n Vernuftige aap, Adoons Kees,
Het leer reken en skrywe en lees,
En toe dobbel en drink en rook,
En lieg en bedrieg en spook,
Om ten volle 'n mens te wees
- CJ Langenhoven

Ons dorpe (3)

IXOPO

Geleë op 'n sytak van die Mkomazirivier in KwaZulu-Natal se middellande.
Die dorp is in 1878 opgemeet as Stuartstown en vorm deel van suiker eb bosbou.
Die huidige naam beskryf die klank wat beeste maak as hulle deur die modder loop (die x-klank in Zoeloe word as 'n klik uitgespreek).

Skerp sêgoed

♦Tronke en gevangenisse is die aanvulling van skole; hoe minder jy van die een het, hoe meer moet jy van die ander een hê. **Horace Mann**
♦'n Gentleman kan doedelsak speel, maar hy doen dit nie.
♦Waar jy die meeste wette vind, sal jy ook die grootste onregte kry. - **Arcesilaus**

Die herkoms van gesegdes (45)

Tjok: Tjok-en-blok wees (propvol, stampvol wees) Aan Engels ontleen waar dit verwys na die keerblokke wat voor die wiele van geparkeerde vliegtuie ingewig word om te sorg dat hulle nie kan beweeg nie.

Duskantlander in Anderkantland

Piranha-see dryf my uit

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou skryf uit Ghana.

Soos die kraai vlieg, is ons net vier kilometer van die see af waar ons in Akkra woon. Dis te ver nie om na die branders se breek te luister en die seebries te ruik, maar naby genoeg om eetgerei in die laai te roes.

Sleutels wat in kasdeur of deurslotte gelos word, roes rotsvas in 'n ommesientjie. Wanneer jy soos 'n gifgespuite kakkerlak op die naat van jou rug lê, besef jy opvoukampstoele se skarniere roes ook deur!

Almal ervaar die see anders.

Oor die algemeen is Ghanese banger vir die see as vir die houtjie van die galg. Van kindsbeen af word hulle vertel as jy dieper as jou knieë instap, sal 'n seekat jou gryp en wegsleep na die seebodem en niemand sal jou ooit weer sien nie. Baie min vrouens leer ooit swem en net 'n handvol vissers in kusdorpies waag dit om in die see te swem.
Bygelofies bepaal dat niemand op 'n Maandag mag uitgaan om vis te vang nie want dis die see se 'rusdag'.

Niemand kan wegbly vanaf die see met sy gedruis, soutspatsels, spierwit seesand en tropiese palmbome nie. Onse mense is mos toentertyd verby studentejare waar 'n handdoek, plakkies, koshie en koue bier die ding gedoen het.

Nou is dit sonsambrele, piekniekmandjies, ys in 'n twaalf volt inpropyskas, braaitange, gemarineerde braaivleis, strandmatjies, sonroom, opvoustoele, toiletpapier, sjarongs en blêrende klankstelsels wat als gepak moet word. Na 'n uur van afpak en uitpak, is jy reg vir 'n heerlike afkoel in die seewater. Ons hol soos afkophoenders in die golwe in en die boorlinge sit in die koelte en staar ons aan.

Die seewater is tropies warm, die golwe se breek is gematig en kalm. Net anderkant die golwe se breek draai iets grillerig om my been en klóú!

Ek gil soos iemand wat gisteraand *JAWS II* gekyk het en pluk die klousel af. Ha! Net 'n swart plastiek inkopiesakkie!

Die verligting is kortstondig. Elke ander twee minute val nog 'n plastieksak my aan. Dis vreesaanjaend, want die water is erg troebel en ek kan die swart sakke nie raaksien of vermy nie, dis iets aakligs wat ek nooit gewoond sal raak nie.

Tyd vir swem, sommer so parallel met die strand langs, miskien kan ek wegswem van die spul plastieksakke? Om te keer dat ek diepsee toe swem, hou ek 'n oog op die strand.

Daar's lokale mense op die strand, hulle verskyn sporadies vanuit die palmbome en kom hurk hier waar die golwe vlak oor die strand stoot. Nuuskierigheid oorweldig my en ek watertrap terwyl ek asemskep en kyk wat maak hulle.

Slaat my met 'n nat vis! Daar is een reuseman gehurk, broekloos, my oë lieg nie, sy hemp hoog onder sy bors opgetrek, hy bou 'n toringkasteel maar nie van sand nie! Ek hoor myself 'n boosaardige gil gee as ek besef daar is waarskynlik erger dinge in die water.

"Moenie water sluk nie" konsentreer ek kliphard in my kop. Ek kyk óm, in my swemstroom dryf die swart plastiek 'piranhas' rustig agter my aan…

Jig, Boeta, nou swem ek! Maar soos dit maar is, dryf die spulletjie soos eendjies in 'n ry in my swemstroom agter my aan! "Moenie water sluk nie" konsentreer en kliphard in my kop.

Ek kyk óm en in my swemstroom dryf 'piranhas' rustig agter my aan… Nou Plan B, duik en swem 'n paar meter onder water, maar met 'n swartplastieksak oor die gesig is als net te veel vir my. Ek móét uit die see uit!

Manlief lag hom 'n papie. Ek's net te grillerig en pê om te eet. 'n Paar biere later glimlag ek floutjies vir almal wat dink my seeswemmery is die grap van die jaar.

Die kinders skop 'n bal, hol rond en gaan ver ente stap. Een seuntjie kom triomfantlik terug met 'n onpaar plakkies wat die see uitgespoeg het en 'n handvol ou gebruikte bont tandeborsels wat hy opgetel het.

Nee sies, ek sal aan wal sit en roes, vir eers is ek uitgeswem.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

PROKUREUR

'n Vliegtuig het enjin-moeilikheid.

Die vlieënier beveel die kajuitbemanning om die passasiers hul sitplekke te laat inneem en voor te berei vir 'n noodlanding.

'n Paar minute later vra die vlieenier die vlugbeman-ning of almal vasgegordel en gereed is.

Kom die antwoord: "Almal reg en veilig vasgegordel, behalwe een prokureur wat steeds rondloop en besig-heidskaartjies uitdeel.'

IMMIGRASIE

'n Man stap in Engeland by 'n Moslem-boekwinkel in en vra vir 'n boek oor maniere om immigrasie van Mos-lems te keer.

Die Moslem-eienaar is hoogs ontsteld.

"Fokof en moenie terugkom nie!" skree hy.

Engelsman: "Ja! Dis die een wat ek soek! Het jy hom in voorraad?"

Ek kan goed sonder geld klaarkom. Dis die ander mense wat dit wil hê.

VIER RYKES EET TESAME

Tydens 'n intergeloofkonferensie gesels 'n Katoliek, 'n Protestant, 'n Moslem en 'n Jood gedurende 'n ete.

Katoliek: "Ek het 'n groot fortuin. Ek gaan Citibank aankoop!"

Protestant: "Ek is skatryk en gaan General Motors koop!"

Moslem: "Ek is 'n ryk sJeik... Ek beoog om Microsoft te koop!"

Hulle wag toe vir die Jood om te praat. Die Jood roer sy koffie, sit die lepel netjies neer, vat 'n slukkie koffie, skud sy kop en sê:

"Jammer, ek verkoop nie!"

VERKEERDE PLEK

'n Polisieman op sy perd vra vir 'n dogtertjie op haar fietsie op sy dit van Kersvader gekry het.

"Ja," sê sy.

"Wel," antwoord hy, "Kersvader het vergeet om 'n reflektor op sy agterkant te plak. Sê vir hom hy moet dit volgende keer onthou," en beboet haar met R20.

Sy kyk op na die polisieman en sê: "Oulike perd wat jy het. Het jy hom ook by Kersvader gekry?"

"Ja," sê hy al grinnikend.

"Wel," sê sy, "sê volgende keer vir Kersvader die poephol kom onder die perd se stert, nie bo-op die perd nie."

ANDY CAPP deur Smythe

Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Die storie van 'n baie bewoë Skot

'n Skot vertel:

As 'n doedelsakspeler het ek verskeie optredes gehou. Ek is onlangs versoek om by die begrafnisdiens van 'n hawelose man te speel. Hy was sonder familie of vriende, dus was die diens by die begraafplaas vir armlastiges in Nova Scotia se platteland.

Ek was onbekend met die omgewing, het verdwaal en – tipies man – het ek nie stilgehou en aanwysings gevra nie.

Ek het uiteindelik 'n uur laat vir die begrafnis opgedaag. Dit was duidelik dat die teraardebesteller reeds vertrek het en die kis was nêrens te sien nie.

Daar was net 'n paar grafgrawers besig met hul middagete. Ek het skuldig gevoel en verskoning gemaak dat ek laat was.

Ek het na die graf gegaan, afgekyk en gesien die deksel was reeds in plek. Omdat ek nie geweet het wat om te doen nie, het ek begin om my doedelsak te speel.

Die werkers het hul kos neergesit en nader gestaan. Ek het my hart en siel uitgespeel vir hierdie man sonder familie en vriende. Ek het soos nooit tevore nie gespeel vir hierdie arm en hawelose man.

Terwyl ek besig was om "Amazing Grace" te speel, het die werkers begin huil. Hulle het gehuil, ek het gehuil en ons het almal saam gehuil.

Toe ek klaar was, het ek my doedelsakke opgepak en na my motor begin aanstap. Ek het kop omlaag gestap en my hart was stukkend. Net toe ek my kar se deur oopmaak, hoor ek een van die werkers sê:

"Ek het in my twintig jaar al baie septiese tenks in ingesit, maar ek het nog nooit so iets beleef nie."

Te veel is meer as genoeg!

Die pastoor se vrou was weer swanger en hy het voor die gemeente gestaan en gevra vir 'n verhoging.

Ná ses kinders het dit 'n bietjie duur begin word en die gemeente het besluit om eers 'n vergadering oor die pastoor se versoek te hou.

'n Yslike kabaal het losgebars oor hoeveel die pastoor se kinders die gemeente kos en hoeveel dit die kerk in die toekoms gaan kos.

Die pastoor het 'n uur lank na hulle geluister, opgestaan en hulle toegespreek:

"Kinders is 'n gawe van die Here en ons sal soveel gawes ontvang as wat Hy ons toelaat."

In die agterste ry het 'n bejaarde tantetjie gesukkel om op te staan en toe uiteindelik in haar pieperige stemmetjie gesê:

"Reën is ook 'n gawe van die Here, maar as ons te veel kry, dra ons rubberstewels."

Die hele gemeente het "Amen" gesê.

♦Die goue reël is dat daar nie goue reëls is nie.
- George Bernard Shaw (1856 - 1950)

Stamboom

Help ons familiesoekers

BARNARD girtydeacon@gmail.com
Ek soek asseblief na besonderhede oor die ouers van Hendrik Barnard gebore 3 Oktober 1874; oorlede 26 Oktober 1944. Hy was getroud met Aletta Duraan op 13 Feb 1903. Sy is gebore 27 September 1882 en oorlede 12 September 1979. Hulle het in Carnarvon gewoon en verhuis na Kanoneiland.

BEZUIDENHOUT mariabwr@hotmail.com
Ouma - Anne Catherine Bates, saam met haar ouers van Ierland of Skotland gekom per boot. Haar ma oorlede op boot voordat hulle in SA vasgemeer het. Sy`s getroud met Christiaan Adriaan Pretorius van Bethulie, oorlede 1957 (baie ouer as Ouma). Ouma is gebore op 10 Augustus 1888 en oorlede in 1975.
My Oupa aan vaderskant was Gert Petrus Bezuidenhout van die plaas Swavelpoort - afstammeling van Piet Retief. GP Bezuidenhout se eerste vrou is oorlede (na bewering) in `n konsentrasie-kampe asook een van haar twee kinders saam met haar daar. Oupa GP Bez is getroud met my ouma - Isabella Susannah getroud by wie hy 7? 9? seuns gehad het en na haar dood is hy weer getroud en het twee dogters en een seun by haar gehad. Piet Colyn wat tans op die plaas woon is my neef.
Kan enigiemand van die Pretorius- of Bezuidenhout-familie my dalk help met my ouers se huweliks-datum? My pa was Christoffel Jacobus Bezuidenhout, gebore 6/10/1921, oorlede 18/11/76. My ma, Aletta Petronella Pretorius gebore 13/9/1923, oorlede 20/10/1992. Ons weet hulle is getroud in 1942 in die NG Kerk, Bosmanstraat, Pretoria maar die kerk is al in 1979 verklaar tot monument. Waar kan ek besonderhede kry i.v.m hulle huwelik, die huweliks-sertifikaat is ongelukkig verlore.
Groete, Maria Bruwer (Bezuidenhout)

LAING amjvdm@hotmail.com
Richard Laing getroud met Jacoba Lubbe. Hulle het 3 seuns en 6 dogters gehad. Kinders gebore einde 1800 begin 1900. Hendrika Johanna Wilhelmina Getroud met AHP Smit van Clanwilliam.

VAN DEN HEEVER louis@sharedserv.co.za
My oupa was Adriaan Jacobus van den Heever 1884-1964. Ek het 'n kroniek maar soek ou fotos van sy pa en ma, asook dalk van my ouma Petronella Elizabeth Olivier 1888-1981

VAN DER MERWE Trumahen@yahoo.com
Joseph Frederik Hendrik Martinus van der Merwe, gebore 22 Desember 1903 in Heidelberg, Suid-Afrika. Soek die familie inligting van my pa. Hy was getroud met elsie Maria Benade.

VAN NIEKERK cielie.kruger89@gmail.com
Vader Josef Faul van Niekerk en moeder Anna Johannna Van Zyl. Is opsoek na stamboom en familiewapen van Van Niekerk familie. Vader afkomstig van Kenhardt en moeder van Namibië.

Nou weet jy wat STRES is!

Jy tel 'n pragtige ryloper op. Skielik word sy in jou kar flou en jy neem haar hospitaal toe. Dis nogal stresvol.

Maar by die hospitaal sê hulle sy is swanger, en wens jou geluk met jou vaderskap. Jy ontken dit, maar die meisie sê jy is die pa.

Die stres laai op. Jy versoek 'n DNS-toets om te bewys jy is nie die vader nie. Die stres laai op.

Die toetse word afgehandel, en die dokter sê jy is onvrugbaar en was dit waarskynlik van jou geboorte af.

Jy is besonder verlig en ontslae van jou stres.

Op pad huis toe dink jy aan jou drie kinders wat op jou wag.

Dit is stres!

Ons het begin om 'n klein anargistiese gemeenskap te skep, maar die mense wil nie die reëls gehoorsaam nie.

Kammanuuslesers!

Kom ons skud ons sakke vir honger kinders!

Dinge het skeef geloop by die Yade-tehuis aan wie ons gereeld elke maand R2 000 gestuur het vir die aankoop van volwasse doeke vir die hulpbehoewende oumensies. Omdat **Onsdorp/Kammanuus** met ons die lesers se geld werk, het ons geen keuse gehad as om dadelik ons bydrae te staak nie.

Dis so bitter jammer dat hierdie aksie nou juis die mense gaan raak en benadeel wat ons skenkings moes help.

Intussen het een van ons sigterslesers, Alwyn Schlebusch, 'n boer daar van Hennenman se omgewing, laat weet ons moet asseblief betrokke raak by die verdienstelike saak van **KOSBLIKKIE.**

Alwyn skryf dat dit deesdae maar baie beroerd gaan in so baie Afrikanerhuise en veral op die platteland. Daar is in baie gevalle is daar skaars genoeg geld vir net een een bord kos per dag op die tafel.

Die **KOSBLIKKIE**-voedingsprojek is onder die vaandel van Solidariteit se Helpende Hand organisasie en poog om vir ons kleuters n ordentlike bord kos te gee by die skole wat kwalifiseer vir hulp.

Alvorens ek egter voorgaan om die oorblywende en steeds kwynende bedrag van R5600 in ons skatkis aan te wend by **KOSBLIKKIE** , wil ek eers julle goedkeuring kry. Gaan kyk dus gou na www.kosblikkie.co.za voor jy besluit of jy betrokke wil wees.

Intussen kan jy selfs reeds op jou eie wegspring met hulp deur slegs die woordjie **'bord'** te SMS na 36930. So sal jy R5 skenk en 'n bord kos waarborg vir 'n honger kleuter. Maklik, nè?

Of jy kan meer en gereeld bydra deur ons skatkis weer stelselmatig te vergroot. Die rekeningbesonderhede is: HJ Greeff – Spaarrekening No 60379199926 - FNB Hermanus – Tak no: 200412

Sodra ek positief van julle hoor gaan ek begin om R500 per maand oor te plaas namens Kammanuuslesers. So sal ons 500 kinders per maand kos gee vir die volgende 11 maande. Stem of ek mag voortgaan of nie deur 'n e-pos na pos@onsdorp.com te stuur met die woorde: *'Ja vir kosblikkie'* of *'Nee vir kosblikkie'* in die onderwerplyn. Doen dit asseblief voor einde April, want ons kinders mag nie langer honger ly nie.

♦In ligter luim het ek goeie en slegte nuus vir julle.
♦Die goeie nuus: Ons het oorgenoeg geld om nog vir n lang tyd ons kindervoedingsprogram te ondersteun.
♦Die slegte nuus: Daardie geld is nog in julle sakke!

Groete tot volgende keer.

Hennerik

Vyf chirurge gesels

Vyf chirurge uit groot stede was by 'n konfensie en het bespreek watter soort pasiënt die maklikste is om te opereer.

Die chirurg van New York het gesê hy hou van rekenmeesters - as mens hulle oopmaak, is alles binne-in genommer.

Die dokter van Chcago sê nee, jy moet elektrisiëns se binnekante sien - alles is kleurgekodeer.

"Nee," sê die een van Dallas, "ek dink reg-tig bibliotekarisse is die maklikste, want alles is in alfabetiese volgorde."

Die vierde chirurg was van Los Angeles. Hy sê hy verkies konstruksiewerkers - hulle weet altyd wat om te doen as daar 'n paar goed agterbly wat nie gebruik is nie.

Die chirurg van Washington DC troef hulle toe almal.
"Julle is almal verkeerd. Politici is die mak-likste om op te opereer. Daar is nie derms of hart, knaters of brein nie en geen rug-graat nie. En die ander voordeel is dat hul koppe en hul poepholle ten volle uitruilbaar is."

AGTEROS

Net voor uitspantyd

Engeltjie

"God het `n engel nodiger gehad in die hemel." Om te wat?

Deur JO VAN TONDER

"*Pappa, wat gebeur met my as ek doodgaan?"* En hy weet hy kan nie doekies omdraai met Maryke nie. Die siekte tas nie die brein aan nie. Spierdistrofielyers is beslis nie verstandelik gestrem nie. Sy is skerp.

Die feit bly dat dood die einde is van lewe, of liewer, lewe soos wat ons dit hier op aarde ken. Doodgaan en lewe ná die dood is `n misterie, dis verskuil agter `n digte sluier van donker geheime en gewoonlik omhul met vrees en onsekerheid. Voorwaar `n groot misterie.

Deur die eeue heen het elke geloof, filosofie, en geestelike denkwyse dit probeer verklaar. Maar helaas, nie daarin geslaag nie! Ondanks die millennia van leerstellings, mites, wetenskaplike navorsing, teorieë en verduidelikings, is mense vandag meer verward as ooit. Gaan Google dit gerus. Baie feëverhaalagtige prentjies. Baie dubbelsinnigheid. Ondeurdagte gesegdes. Of gaan kyk maar na die griffels op grafstene.

Nou vra sy kind hom!

"Ek sal later vir jou verduidelik…"

"Pappa, daar is nie later tyd nie, jy weet dit…"

Francois weet.

Die siekte kan nie genees of gestuit word nie. En dis nou nie dat hulle nooit oor doodgaan gedink het nie. Dit is te werklik. In sy kop. In Sandra s'n. In die twee seuns s'n. Dis elke dag heeldag daar. Spierdistrofie raak een in elke 1 200 Suid-Afrikaners. Twee uit elke drie mense wat aangetas is, is kinders. Hulle meisiekind is een.

Die geen wat verantwoordelik is vir die verswakking van die spiere word oorgedra van geslag tot geslag. Dit kan ook voorkom in families waar daar geen geskiedenis van dié toestand is nie. Die simptome sluit toenemende spierverswakking en moegheid in. Dit beperk fisieke aktiwiteite. Dit verkort die lewensverwagting. `n Mens kan net magteloos toekyk hoe jou kind kwyn. Jy kan net die simptome behandel. Meestal pyn. Die siekte is progressief, wat beteken dat dit geleidelik vererger soos die spiere wegkwyn.

Hy gaan sit op die voetenend van die bed. Die kinderbed kraak, hy het die laaste paar jaar lekker gewig aangesit. Mens gaan maar in oorlewingsmodus as so iets oor jou pad kom. Ja-ja, hy weet, dis `n swak verskoning vir `n boepmaag.

Woorde is weg.

Mense troos ander vinnig deur onnadenkend te sê dat die afgestorwene nou `n engel is. Iets soos: "God het `n engel nodiger gehad in die hemel." Om te wat? Gmf! Ons het ons geliefdes hier by ons nodig!

Soos `n prentjieversie wat iemand anderdag vir hom gepos het: "When a little child departs, we who are left behind, must realise God loves children, `cause angels are hard to find…"

"Maryke, jy gaan `n huppelende engeltjie wees, met goue golwende hare en hemelblou oë…"

"Rêrig?"

Uhm… hy weet nie!

Nie al die gelowe stem saam hieroor nie. Moslems glo dat engele heeltemal anders is as mense. God het engele geskape lank voordat hy die mens geskep het. Jode glo ook dat die engele God probeer oortuig het om nie sondige mense te maak nie.

Christene sien mense en engele ook as twee verskilende entitieite. Mense is 'n laer klas as die engele, en behou hul eie geeste, hulle word nie eendag engele nie. Hindoes glo egter dat engele mense was in hulle vorige lewens, wat deur verskillende fases kan groei tot 'n hemelse wese, totdat hulle uiteindelik een word met die hoogste hemelwese. Mormone sê mense word definitief engele. Adam is nou aartsengel Michael, en Noag is die engel Gabriel.

"Ja, rerig!"

Hy sluk die seer af. Vir hom is hierdie bondeltjie frommelkind reeds 'n engel. Sy is nie 'n denkbeeldige prentjiekarakter uit 'n feëverhaal of 'n vreemde gevleuelde wese uit 'n oeroue mite nie. Sy is 'n werklikheid. Sy hoef nie deur fases te groei tot sy eendag 'n hemelwese is nie. Van geboorte af was sy hulle "Engel uit die Hemel." Sy is elke dag in hulle lewens teenwoordig. Sy laat hom elke liewe dag 'n stukkie hemel beleef.

Sy lag hemelblou…

"Enne… wat van jou, Pappa ? Gaan jy ook 'n engel wees?"

Knik net sy kop. Hy vang 'n sliert goud op haar voorkoppie, knip dit saggies vas. Sy kyk hom intens aan. Van kop tot tone.

"Heng… Pappa! Dan gaan jy seker 'n moerse engel wees!"

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 4 MEI 2015